



My

GELD SLIM

Gratis E-boek

"Hulpmiddels vir ouers,
aktiwiteite vir kinders"

FinanceFit4Kids



Table of Contents



Vir die ouers:

Ontdek 'FinanceFit4Kids'	1
Stutwiele vir Finansies	2
Kinders en Tyd	3
Hoekom 'FinanceFit4Kids'	4
Kom ons raak prakties	5
Speeltyd	6

Vir die kinders:

Aktiwiteitsboek	8-23
-----------------	------



ONTDEK FINANCEFIT4KIDS: JOU KIND SE GIDS TOT FINANSIËLE OPVOEDING

Hiermee jou gratis e-boek ter bekendstelling van FinanceFit4Kids. Ons be-oog om finansiële opvoeding vir die volgende generasie te transformeer.

Finansiële leer hoort toeganklik en lekker te wees. Daarom bring ons eenvoudige, werklike finansiële konsepte na vore, sodat kinders maklik geldwoorde, idees en gewoontes van vroeg af kan aanleer. Sonder hierdie gesprekke en praktiese ervarings, mis kinders waardevolle geleenthede om belangrike finansiële lesse te verstaan.

Ons nooi kinders uit na gesimuleerde finansiële gesprekke waar hulle die wêreld van geld, finansies, belegging en entrepreneurskap kan verken. Deur die lewens van ons handpoppe ervaar kinders regte finansiële situasies en stories. Hierdie gemodelleerde finansiële wêreld bied 'n herkenbare en maklike manier vir kinders om te sien hoe geld werk, en om vroeg in die lewe te leer oor die uitdagings, keuses en gevolge wat daarmee saamgaan.

www.financefit4kids.com

GEEN STUTWIELE

Hou aan val tot jy nie meer val nie

Voel dit nie soms asof ons onderwysstelsel 'n "geen stutwiele" beleid het wanneer dit kom by persoonlike finansies nie? Daar is geen leerfase of oefenterrein nie – jy moet maar foute maak totdat jy self uitwerk hoe dit werk.

Dit is een van die mees seker aspekte van die lewe wat ons almal uiteindelik in die gesig staar: om die arbeidsmark te betree.

Ons leer bestuur voordat ons 'n lisensie kry, oefen vir 'n verhoogsvortoning, en oefen maande lank voordat ons 'n marathon hardloop.

Maar wanneer dit kom by die bou van 'n loopbaan en die verstaan van die basiese beginsels van verdien, belê, skuld, lewens versekering, aftree beplanning en ander kritieke konsepte, kry kinders byna geen opleiding en geen praktiese voorbereiding nie.

Ons verwag van hulle om dit deur proef en fout te leer terwyl hulle reeds agter die stuurwiel sit.

FinanceFit4Kids skep “stutwiele” vir finansiële opvoeding, om seker te maak kinders is voorbereid, selfversekerd en toegerus met genoeg oefening om die wêreld van werk met selfvertroue aan te pak en te omhels.



'n Paar gedagtes vir die ouers:

Kinders besit iets van onskatbare waarde wat ons as volwassenes nie meer in oorvloed het nie:

TYD!

Baie van ons het grootgeword sonder die finansiële kennis of leiding wat nodig was om vroeg reeds 'n sterk fondament te bou.

In plaas daarvan moes ons deur proef en fout leer, en kritieke lesse dikwels eers baie later in die lewe ontdek. As finansiële professionele sien ons eerstehands die verskil wat 'n vroeë begin kan maak, en ons wens ons het self daardie hulpmiddels gehad toe ons jonger was.

Ons doel is om seker te maak dat vandag se kinders nie dieselfde uitdagings in die gesig staar nie. Deur hulle vroeg reeds die noodsaaklike finansiële konsepte aan te leer, kan ons hulle help om hul tyd ten volle te benut, en vir hulle die gereedskap gee om reeds finansiële suksesvol te wees van 'n jong ouderdom af.



Hanteer FinanceFit4Kids as 'n buitemuurse aktiwiteit:

 Vroeë Blootstelling – Stel kinders vroeg aan finansiële konsepte bloot, sodat kwessies rakende geld nie intimiderend voel nie.

 Nuuskierig en Selfversekerd – Kinders wat vroeg geldsake verken, ontwikkel goeie besluitneming.

 Foutebuffer – Klein, lae-koste foute vroeg in die lewe kan help om groot, lewensveranderende foute in volwassenheid te voorkom.

 Inkomste-ingesteldheid – Help kinders verstaan dat inkomste uit verskeie bronne kan en behoort te kom, nie net uit 'n werk of salaris nie.

 Slim Bestedingsgewoontes – Leer hulle die balans tussen onmiddellike bevrediging en langtermyn belonings.

 Welvaartsbou vaardighede – Hulle sal geld sien as 'n hulpmiddel vir volhoubare groei, wat hulle voorberei vir 'n leeftyd van finansiële sukses.



Begin Nou, Oes Later –

Om vroeg te begin met kennis én beleggings is soos om saad in vrugbare grond te plant: met tyd sal die oes oervloedig wees.



Kom ons raak prakties

'n Paar wenke wat jy kan gebruik om jou kinders te help om geld beter te verstaan

Leer om te verdien: Ouderdomme 6-8

Gee vir kinders geleenthede om ekstra geld of voorregte te verdien deur take te voltooi of klein dienste te lewer, soos om huistake te doen of grappies te vertel. Dit help hulle om die verband tussen werk en beloning te verstaan.

Laat hul beheer neem: Ouderdomme: 8+

Die belangrikheid van geldopvoeding lê in praktiese leer. Dit beteken jy moet die praktiese beginsels in jou huishouding begin toepas.

Vir ouer kinders kan jy 'n gereelde toelaag gee en vir hulle volle beheer gee oor een spesifieke bestedingsgebied. Dit kan wees om hul eie lekkernye en peuselhappies te bestuur, speletjies en speelgoed te koop, of selfs hul eie klere- of skoenbegroting te hanteer. Hierdie gebied moet heeltemal hulle eie verantwoordelikheid wees, sonder jou inmenging of ondersteuning.

Laat hulle toe om foute te maak binne 'n beheerste omgewing. Dit help hulle om die emosionele verband tussen hul besluite en gevolge te verstaan. Weerstaan ook die drang om in te spring en alles reg te maak, of om hulle te berispe oor hul keuses. As 'n kind 'n besluit neem wat dalk onverstandig lyk, laat hulle toe. As gevoelens van skuld of spyt opduik, is dit 'n ideale geleentheid om hulle deur die ervaring te lei en waardevolle lewenslesse aan te leer.






Kom ons raak prakties

Help hulle om geld te verdien deur dit waarvoor hulle
lief is

Ouderdomme: 8+

Moedig kinders aan om klein besigheidsidees te verken wat gebaseer is op hul vaardighede of passies, soos om gebak te verkoop, tegnologievaardighede aan ander te leer, of videos te skep.

Beklemtoon dat inkomste nie beperk is tot tradisionele werk nie, en dat dit ook kan spruit uit kreatiwiteit en probleemoplossing.



Speletjies



Maaltydbeplanning met 'n begroting



SPELDOELWITTE:

Om 'n ete vir die gesin te voorsien terwyl jy binne 'n vasgestelde begroting bly.

SPELREÛLS:

Gee vir jou kinders 'n vaste bedrag geld en laat hulle die volgende aandete beplan en inkopies doen.

Hulle moet besluit of hulle meer op die hoofmaal wil spandeer en nagereg uitlaat, of 'n eenvoudiger ete wil kies om plek te maak vir 'n nagereg.

Laat hulle self die somme uitwerk, en sorg dat die begroting genoeg is vir 'n vullende ete, maar nie so ruim dat hulle maklik 'n nagereg kan insluit nie.

Vir 'n ekstra uitdaging kan jy vereis dat minstens een item in die maaltyd gesond moet wees, bv dat dit een vrug of 'n groente moet insluit.

Hierdie speletjie leer die konsep van skaarsheid en geleentheidskoste.

Beperkte hulpbronne beteken jy kan nie altyd alles hê nie, so prioritisering en besluitneming oor wat die belangrikste is, word noodsaaklik.

Dit is ook uitstekende oefening vir begrotingsvaardighede.

FinanceFit4Kids



My

GELD SLIM

Aktiwiteits boek



WAT IS GELD?

Dit is wat ons gebruik as 'n hulpmiddel om dit makliker te maak om goed te koop en te verkoop.



GELD vir GOEDERE EN DIENSTE

Hoekom het ons geld nodig?

Om 'n lewe te bekostig

Om vir ons lewenskoste te betaal

Om die dinge te koop wat ons nodig het, en wil hê



8





GELD R

1c (pennie)	 geel
5c (nikkel)	 bruin
10c (sent)	 blou
25c (kwart dollar)	 groen
50c (half dollar)	 rooi

Ka

 bruin

● groen



Kan jy die totaal optel?



GELD REGOOR DIE WÊRELD: SUID - AFRIKA

5c		pienk
10c		grys
20c		pers
50c		groen
1R		rooi
2R		geel
5R		ligblou

Inkleur per kleur

Kan jy die totaal optel?




GELD REGOOR DIE WÊRELD: ENGELAND

1p	 pienk
2p	 blou
5p	 liggroen
10p	 grys
20p	 pers
50p	 ligblou
1 Pond	 groen
2 Pond	 oranje

Inkleur per kleur

Kan jy die totaal optel?



GELD REGOOR DIE WÊRELD: EUROPA

5c bruin
10c oranje
20c pers
50c groen
1 Euro rooi
2 Euro geel

Inkleur per kleur


Kan jy die totaal optel?



Inkleur tyd!

Saver is 'n

werknemer



Dit beteken hy werk vir iemand
wat hom 'n salaris betaal – 'n
maandelikse inkomste.

Hy maak geld deur sy tyd te
verruil vir geld!

Inkleur tyd!

Spender is 'n

Entrepreneur



dit beteken hy het sy eie besigheid

Hy maak geld deur
wortels te groei...
en te verkoop!



Geld Woorde

Antwoord in die sleutel tot raaisels afdeling.

Pas die woorde hieronder by die regte huis.

Werk vir iemand



Werk vir jouself



In diens geneem (voorbeeld)

Werk

Verkoop jou produkte

Maandelikse inkomste

Salaris


Werknemer

Verkoop jou dienste

Besigheidseienaar

Verkoop jou tyd

Entrepreneur



Inkleur tyd!

Ander woorde wat ons
gebruik vir Salaris

VERGOEDING
TOELAAG
VERDIENSTE
LOON
BETALING
INKOMSTE

Saver se begroting: Behoefte of begeerte?

Omkring die regte een

Antwoord in die sleutel tot raaisels afdeling.

Saver se
Begroting



Disneyland
uitstappie

Behoefte Begeerte




Spaargeld

Behoefte Begeerte



Brood

Behoefte Begeerte



Kaas

Behoefte Begeerte




Huur

Behoefte Begeerte



Spn

Behoefte Begeerte




Aartappels

Behoefte Begeerte



Groente

Behoefte Begeerte



Koekies

Behoefte Begeerte



Hoed

Behoefte Begeerte


Behoeftes waarvoor ons móét betaal
Begeertes waarvoor ons móét begroot (beplan)



HELP SPENDER

Help hom om sy pad te vind na die hasies, sodat hy sy wortels aan hulle kan verkoop!

Antwoord in die sleutel tot raaisels afdeling.



Sleutel tot raaisels

Geld regoor die Wêreld
Kan jy die totaal optel?

Amerika	Suid-Afrika
\$2.01	R26,70c
Engeland	Europa
£6,48	€12,50

Geld Woorde




In diens geneem
Werk
Maandelikse inkomste
Salaris
Werknemer
Verkoop jou tyd




Verkoop jou produkte
Verkoop jou dienste
Besigheidseienaar
Entrepreneur

Behoeftte of begeerte?



HELP SPENDER



GELD REGOOR DIE WÊRELD:

30 DAE KALENDER

Dag	Land	Vlag	Geld eenheid	Simbool	Kleingeld	Munte Voorbeeld
Dag 1	Verenigde State		Dollars	\$	Sent	
Dag 2	Verenigde Koninkryk		Pond	£	Pence/ Pennies	
Dag 3	Europese Unie		Euro	€	Sent	
Dag 4	Japan		Jen	¥	Jen (geen kleiner geld)	
Dag 5	Kanada		Dollars	\$C	Sent	
Dag 6	Australie		Dollars	A\$	Sent	
Dag 7	Sjina		Yuan	¥	Jiao, Fen	
Dag 8	Indië		Roepees	₹	Paise	
Dag 9	Suid Afrika		Rand	R	Sent	
Dag 10	Meksiko		Pesos	₱	Centavos	

GELD REGOOR DIE WÊRELD:

30 DAE KALENDAR


Dag	Land	Vlag	Geld eenheid	Simbool	Kleingeld	Munte Voorbeeld
Dag 11	Rusland		Roebels	₽	Kopeks	
Dag 12	Brasilië		Reais	R\$	Centavos	
Dag 13	Turkeye		Lira	₺	Kurus	
Dag 14	Switzerland		Frank	₣	Rappen or Centimes	
Dag 15	Suid-Korea		Won	₩	Jeon (selde gebruik)	
Dag 16	Nigerië		Naira	₦	Kobo	
Dag 17	Saoedi-Arabië		Riyaals	﷼	Halalas	
Dag 18	Argentinië		Pesos	₳	Centavos	
Dag 19	Thailand		Baht	฿	Satang	
Dag 20	Maleisië		Ringgit	RM	Sen	

GELD REGOOR DIE WÊRELD:

30 DAE KALENDAR

Dag	Land	Vlag	Geld eenheid	Simbool	Kleingeld	Munte voorbeeld
Dag 21	Filippyne		Pesos	₱	Centavos	
Dag 22	Viëtnam		Dong	₫	Hao, Xu (selde gebruik)	
Dag 23	Indonesië		Roepia	Rp	Roepia (geen kleiner geld)	
Dag 24	Nieu – Zeeland		Dollars	NZ\$	Cents	
Dag 25	Egypte		Pond	ج.م	Piastres	
Dag 26	Kenia		Sjiellings	K	Cents	
Dag 27	Pakistan		Roepees	₨	Paise	
Dag 28	Bangladesj		Taka	৳	Poisha	
Dag 29	Swede		Kronor	kr	Kronor (geen kleiner geld)	
Dag 30	Noorweë		Kroner	kr	Ore (selde gebruik)	

Wereld kaart en geld eenheden





DIE EINDE!

Ons hoop jy het hierdie e-boek van
waarde gevind
Om jou leerreis met Spender en Saver
voort te sit, besoek:
www.financefit4kids.com

FinanceFit4Kids

